



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 25 AUGUSTUS 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Papier, J R (GOOD)
Booyesen, A M (VF+)	Penxa, B J (ANC)
Daniels, C (DA)	Pieters, C (ANC)
Duda, A A (EFF)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Zyl, M (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF+)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare, lede van die publiek en die tolk.
'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die nuut aangestelde Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

Rdl E C O'Kennedy open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh T van Essen en rdh B J Stanley.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 SKRYWES ONTVANG INSAKE DIE UITBREEK VAN BEK- EN KLOUSEER IN SUID-AFRIKA / AFKONDIGING DEUR DIE MINISTER VAN LANDBOU, GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Munisipaliteit twee skrywes ontvang het insake die onlangse uitbreek van Bek- en Klouseer in Suid-Afrika om die Munisipaliteit attent te maak aangaande die onwettige beweging van beeste in die munisipale gebied.

3.1/...

Die Munisipale Bestuurder verwys na die afkondiging deur die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Minister Thoko Didiza, op 18 Augustus 2022 ten opsigte daarvan dat:

- (1) 'n verbod vir 'n periode van 21 dae geplaas is op die beweging van beeste oor nasionale, provinsiale en munisipale paaie, behalwe as die eienaar in besit is van 'n permit wat deur 'n veearts uitgereik is, beeste direk vervoer word om by 'n geregistreerde abattoir geslag te word, beeste geslag word vir rituele doeleindes;
- (2) enige onwettige beweging van beeste moet aan die Staatsveearts en SAPD aangemeld word.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Munisipaliteit nie bewus is van enige uitbreek van die siekte in die munisipale gebied nie, maar doen 'n beroep dat daar gehoor gegee word aan die afkondiging deur Minister Didiza.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 28 JULIE 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Julie 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 NERSA GOEDKEURING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2022/2023 (16/2/1/2/1)

'n Skrywe gedateer 5 Julie 2022 is vanaf NERSA ontvang ten opsigte van die goedkeuring van die elektrisiteitstariewe vir die 2022/2023 finansiële jaar.

NERSA het versoek dat die tariefverhoging met betrekking tot die energiekomponent van die industriële tariefstrukture (tarief 3 en tarief 10) verlaag word na 7.47% in plaas van die 8%-verhoging waarvoor aansoek gedoen is, die res van die tariewe is goedgekeur.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en NERSA se goedkeuring van die Raad se elektrisiteitstariewe vir die 2022/2023 finansiële jaar word beslis met 14 stemme ten gunste daarvan en sewe raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die goedkeuring ontvang vanaf NERSA vir die 2022/2023 elektrisiteitstariewe en dat lg. aanvaar word;

8.1/...

- (b) Dat verder kennis geneem van NERSA se mededeling dat hulle nie oor die statutêre en regulatoriese jurisdiksie beskik om as reguleerder op te tree tussen die Munisipaliteit en gebruikers van kleinskaalse ingeboude kragopwekkers nie;
- (c) Dat die volgende verlaagde elektrisiteitstariewe van toepassing op die industriële tariefstrukture, soos vasgestel en goedgekeur deur NERSA, aanvaar word:

No	Tariff Structure	NERSA approved Tariff Excl Vat	NERSA approved increase	Tariff applied for Excl Vat	% Increase applied for
3	Industrial Bulk Normal (3-phase)				
3a	Bulk Consumers: Network Charge per month	R 1 853.4300	7.47%	R 1 853.4300	7.47%
3b	Consumption: per kWh	R 0.8810	7.47%	R 0.8854	8.00%
3c	Maximum Demand: per kVA per month	R 356.5700	7.47%	R 356.5700	7.47%
10	Industrial Bulk 'Time Of Use'-Tariff (3-phase, Alternative for Tariff 3)				
10a	Time Of Use: Network Charge per month	R 1 853.4300	7.47%	R 1 853.4300	7.47%
	Low Consumption Season (Sep - May):				
10b	* Peak (per kWh)	R 1.5277	7.47%	R 1.5352	8.00%
10c	* Standard (per kWh)	R 1.0513	7.47%	R 1.0565	8.00%
10d	* Off peak (per kWh)	R 0.6667	7.47%	R 0.6701	8.00%
	High Consumption Season (Jun - Aug):				
10e	* Peak (per kWh)	R 4.6834	7.47%	R 4.7065	8.00%
10f	* Standard (per kWh)	R 1.4187	7.47%	R 1.4257	8.00%
10g	* Off peak (per kWh)	R 0.7702	7.47%	R 0.7741	8.00%
10h	Maximum Demand: per kVA per month	R 239.1500	7.47%	R 239.1500	7.47%

8.2 KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGIMPLIKASIES: AANSTEL VAN WAARDEERDER BUITE DIE TERMYN VAN DIE MEERJARIGE BEGROTING (5/1/B, 5/1/4)

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die tydsraamwerk vir die aanstel van 'n Munisipale Waardeerder en noem dat 1 Julie 2023 die volgende datum vir implementering van die Algemene Waardasierol is.

Die aanstelling van 'n Munisipale Waardeerder vir die uitvoering van die Algemene Waardasie en Aanvullende Waardasies is vir 'n tydperk van ses jaar en vereis derhalwe dat 'n proses ingevolge artikel 33 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuurder, Wet 5 van 2003 (MFMA) gevolg moet word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

- (a) Dat, ter voldoening aan artikel 33 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) –
- (i) goedkeuring verleen word dat HCB Valuation and Services (Pty) Ltd as Munisipale Waardeerder aangestel word vir 'n periode van ses jaar vanaf 1 Julie 2022 tot 30 June 2028 ingevolge die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, met die volgende finansiële implikasies:
- R2 475 000 vir die Algemene Waardasie (uitgawe reeds begroot in die nuwe MTREF);
 - R1 505/dag – voorbereiding vir sitting van Appèlraad;
 - R6 500/dag – bywoning van sitting van die Appèlraad;
 - R340 000 + VPI/jaar vir Aanvullende Waardasies (uitgawes t.o.v. jare 1, 2 en 3 reeds begroot in die nuwe MTREF, met jare 4, 5 en 6 waarvoor nog nie begroot is nie);

8.2/...

- (b) Dat kennis geneem word dat die uitgawes ten opsigte van jare 4 tot 6 [sien besonderhede onder 1(B) van die verslag] vir die individuele jare of as 'n totaal nie weselik is in verhouding tot die totale uitgawebegroting nie, en – baie belangrik – nie tariefverhogings sal beïnvloed soos reeds bekend gemaak vir die 2022/2023 tot 2024/2025 meerjarige begrotingstermyn (MTREF) nie;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder voldoen het aan die vereistes ingevolge artikel 33 van die MFMA, en dat daar geen kommentaar vanaf die publiek of enige staatsinstelling ontvang is nie;
- (d) Dat al die vereiste van die voorsieningskanaalprosedures nagekom is;
- (e) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om alle kontrakte wat voortspruit uit die toekenning van die tender aan HCB Valuation and Services (Pty) Ltd te mag onderteken.

8.3 GOEDKEURING VAN DIE PROSESPLAN VIR DIE OPSTEL VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN DIE WYSIGING VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (ROR) (2/1/4/4/1)

Die verslag handel met die wetgewende vereistes wat ingevolge artikels 28 en 29 van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) gevolg moet word vir die opstel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en die gepaardgaande proses na afloop van die verkiesing van 'n nuwe munisipale raad.

Die Prosesplan is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

- (a) Dat die Prosesplan vir die opstel van die nuwe GOP vir Swartland in terme van artikel 28 van die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 goedgekeur word;
- (b) Dat die program met tydraamwerke / tydskedule wat as Aanhangsel A by die Prosesplan ingesluit is, in terme van artikel 29(1)(a) van die Wet op Munisipale Stelsels asook artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 goedgekeur word;
- (c) Dat die Prosesplan ook die hersiening van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk rig.

8.4 VOORLEGGING VAN DIE KONSEP VERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP (1/1)

Die Raad beskik oor 'n Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop wat op 22 Mei 2015 afgekondig is.

Die doel van die voorgestelde wysigings is om voorsiening te maak vir veiligheids- en sekuriteitmaatreëls op alle persele, gelisensieerd en ongelisensieerd, waar drank aan die publiek verkoop word.

Rdl B J Penxa noem dat, alhoewel plaaslike ekonomiese geleenthede aangemoedig word met verwysing na huistavernes, ernstige probleme ervaar word met persone wat in die publiek alkohol gebruik. Dit het in sommige gebiede die norme geraak en lg. word versterk deur onwettige shebeens. Rdl Penxa versoek dat die Wetstoepassers teen hierdie omwettighede moet optree.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

- (a) Dat die volgende konsepverordening in beginsel aangeneem word:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop

8.4/...

- (b) Dat die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

8.5 2023 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)

Die konsep 2023 Vergaderingskedsule is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl B J Penxa)

- (a) Dat die voorgestelde vergaderingskedsule vir 2023 aanvaar word;
- (b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op 'n halfjaarlikse basis;
- (c) Dat elke raadslid van die finale skedsule voorsien word;
- (d) Dat die vergaderingskedsule ook aan die Weskus Distriksmunisipaliteit, SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word vir beplanningsdoeleindes.

**GETEKEN:
SPEAKER**